

AFRIKANER



CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA

BEESTELERSGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

NUUSBRIEF / DESEMBER 2024



KERSBOODSKAP

Mag hierdie Kersseisoen vir elke Afrikanerbees teler, belangstellendes, entoesiaste en julle families gevul wees met vreugde, vrede en kosbare oomblikke. Dankie vir jul toewyding en bydraes tot die groei en sukses van die Afrikanerbees gedurende die jaar 2024.

Ons sien met opgewondenheid uit na 2025 en die geleentheid wat dit vir ons gemeenskap en bedryf inhou. Mag die nuwe jaar voorspoed, samewerking en nuwe hoogtepunte in elkeen van julle ondernemings bring.

Ons wens julle almal 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe.









TOEKENNINGS

LOGIX Vleis Elite Kudde Toekeninngs

Dr Helena Theron

Die Logix Elite Toekenning identifiseer die top Elite Stoetskuddes in Suid-Afrika. Die toekennings se vereistes is baie streng, en die kuddes wat toekennings ontvang, is werklik uitstaande. Die kuddes wat Platinum, DubbelGoud en Goud toekennings kry, is die beste 30% stoettelers in die land. Hulle voldoen aan streng vereistes, sodat verseker word dat hulle werklik uitstaande is, reeds jare in die stoetbedryf is en die beste beskikbare tegnologie gebruik. Hulle diere beskik ook oor voortreflike prestasie. Punte word toegeken vir metings en die suksesvolle gebruik van die metings om bestuur en algemene winsgewendheid te verhoog.

Tabel 1: Toekennings en vereistes vir deelname

Toekennings					
					
Platinum	Dubbel Goud	Goud	Silwer	Brons	Meriete
Top 10 kuddes	>80%	>70%	>65%	>60%	>40%
~ Top 10% kuddes Voldoen ook aan minimum vereistes: <ul style="list-style-type: none"> • Minimum kuddegroottes: Platinum en Dubbel Goud 100 en Goud 80 diere • Minstens 3 jaar in stoetbedryf • Moet aan groeitoetse deelneem • Vorige jaar se prestasie is Silwer of beter (Brons vir Goud) 			~ Top 20% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	~ Top 30% van alle stoet kuddes oor alle rasse wat aanteken	Meriete kuddes

Die evaluasie tyd is data van diere gebore, metings, gewigte en groeitoetse wat afgesluit is tussen 01 Julie van die vorige jaar tot 30 Junie van die Elite jaar, tensy anders vermeld. Kuddes moet Produksie Aktief deelneem and Logix.












Waarvoor word punte gegee?

Punte vir sommige afdelings word op 'n persentasie grondslag bepaal, waar die aantal diere wat wel geweeg is uit die moontlike aantal beskikbare diere, in aanmerking geneem word. Alle moontlike diere moet dus gemeet word vir maksimum punte. Die tydigheid van die indien van data is ook belangrik, omdat dit nie die moeite werd is om diere te meet en te weeg en dan nie die data te gebruik om bestuur en genetika in die kudde te verbeter nie. Die gemiddelde kuddegrootte vir meeste stoetskuddes, ongeag ras, is ongeveer 150 diere. Bo-gemiddelde kuddes kry meer punte, bloot omdat dit heelwat meer tyd en moeite is om groot kuddes en hulle data te hanteer.

Deklyste maak dit makliker om koeie wat oorslaan, uit te ken en uit te skot. Die kuddegemiddeld vir die ouderdom waarop verse vir die eerste keer kalf, behoort minder as 30 maande te wees, en as die gemiddelde TKP tussen die laaste twee kalwers nie langer as 470 dae nie. Tydigheid van indien van geboortekennisgewings en die oplos van ouerskappe voor speen tel ook punte. Weeg al die kalwers en hulle moeders by geboorte en speen, en weeg kalwers ook naspeen (Fase B, C of D), en skandeer indien moontlik. Punte toekenning vir genetiese meriete geskiet op die gemiddelde Koeiwaardes van die koeie en die kalwers se vaders.

SA Stamboek is die organisasie wat aan die voorpunt van tegnologie in Afrika is, en ons stoet-telers se diere is geteel om uiters goed aangepas en winsgewend te wees. Die volle siklus word gedek in die Logix Elite Kudde Toekennings: van meting van die koei-kalf bedryf op die plaas en na-speense groei van speenkalwers, tot die gebruik van geneties meerderwaardige diere in die kudde om die volgende geslag te verwek.

Daar het tien Afrikaner kuddes toekennings ontvang soos uiteengesit per onderstaande tabel.

		P.A. Cronje	DUBBEL GOUD
		J.E Visagie	DUBBEL GOUD
		Sahara Boerdery Pty Ltd	GOUD
		S.L Jacobs	SILVER
		PA Gradewell Trust	MERIETE
		J.J Steenkamp	MERIETE
		W.W Kruger	MERIETE
		J.J Balt	MERIETE
		J.J Blaauw	MERIETE

ARTIKELS

Die Verskil tussen die Speen Direkte en Speen Maternale (Melk) Teelwaarde

Dr. Bobbie van der Westhuizen

SA Stamboek & Diere-verbeterings Assosiasie

Aangesien meeste kommersiële vleisbees boere in Suid-Afrika speenkalwers bemark en die kalf se speengewig direk gekoppel is aan die boer se wins, is hierdie een van die mees ekonomiese belangrike teelwaardes wat beraam word. Hoe hoër die speengewig, hoe beter. Daar kan egter nie net op speengewig gekonsentreer word nie, omdat dit ongunstig gekoppel is aan hoër geboortegewigte en ook hoër volwasse gewig en mag lei tot groter raam diere. Dit bly dus altyd belangrik om 'n gebalanseerde meer-eienskap teelbeleid te volg.

Die kalf se moeder het 'n definitiewe invloed op die kalf se uiteindelijke speengewig en hierdie komponent word dan aangedui deur die maternale teelwaardes vir speen. 'n Kalf se speengewig word hoofsaaklik deur drie komponente bepaal:

- die omgewing (plaas/jaar/seisoen/bestuurder, ens) waarbinne hy/sy grootword,*
- sy/haar eie genetiese vermoë om te kan groei tot en met speen ouderdom,*
- en sy/haar ma se vermoë om hom/haar te voed, te versorg en te kan leer om effektief te vreet.*

Twee van hierdie komponente het 'n genetiese basis en daarom het speengewig dus twee genetiese komponente, naamlik die kalf se eie genetiese vermoë om te groei, wat aangedui word deur die Speen Direkte teelwaarde, asook sy/haar ma se moederlike genetiese vermoë om 'n goeie kalf te kan speen, wat aangedui word deur die Speen Maternale teelwaarde.



Let daarop dat die maternale vermoë 'n genetiese effek is van die koei, maar 'n omgewingseffek is vir die kalf waar binne die kalf moet kan presteer in terme van sy speengewig. Verder is dit ook belangrik om te onthou dat alhoewel die speen maternale gedeelte 'n aanduiding is van die koei se genetiese vermoë om haar kalf groot te maak, is 'n gedeelte van die maternale teelwaarde ook 'n aanduiding van die fisiese hoeveelheid melk en kwaliteit daarvan wat die koei tot die beskikbaarheid van haar kalf stel om te kan groei. Hoe goed die kalf die melk benut om te groei (spier ontwikkeling), is deel van die direkte speen-komponent.

Alhoewel die maternale speen gedeelte 'n omgewingseffek is vir die kalf se speengewig, erf die kalf egter hierdie maternale gene vanaf sy/haar ouers, wat in die geval van 'n koei, uitgedruk word wanneer sy self kalwers speen. In die geval van bulletjies sal hulle weer op hulle beurt hierdie maternale genetiese vermoë oordra na hulle dogters en is dit dus 'n aanduiding van watter tipe dogters die bul sal teel ten opsigte van hulle maternale vermoëns.

Maternale teelwaardes kan egter eers 'gemeet' word wanneer 'n koei 'n kalf gespeen het, of wanneer 'n bul se dogters hulle eerste kalwers gespeen het. Omdat die speen direkte gedeelte op die kalf self gemeet word (sodra 'n kalf binne terme van sy/haar tydgenote of kontemporêre groep gemeet word vir speengewig) en die maternale gedeelte eers op die koei se kalwers se speengewigte ('n generasie later) en op 'n bul se dogters se kalwers se speengewigte (2 generasies later) gemeet word, is dit die rede waarom die speen direkte teelwaarde akkuraatheid gewoonlik hoër is as dié van speen maternaal op jong bulle en/of koeie.



’n Volwasse bees is ’n herkouer wat lae-gradse weidings met hoë sellulose inhoud soos gras moet kan verteer. Die spysverteringskanaal van ’n volwasse bees bestaan uit 4 dele, waarvan die rumen die belangrikste is. ’n Jong kalf kan egter net melk verteer omdat slegs die abomasum ontwikkel is en is dus aanvanklik effektiewelik ’n enkelmaagdier. Die rumen begin eers ontwikkel sodra die kalf stelselmatig begin gras of graan vreet. Indien ’n koei te min melk het, begin haar kalf reeds op ’n baie vroeër stadium vreet. ’n kalf groei egter aanvanklik beter op melk as op gras of graan gedurende die enkelmaag stadium en daarom is dit uit ’n ekonomiese oogpunt uiters belangrik om te verseker dat die kalf gedurende hierdie periode blootgesel is aan genoegsame hoë kwaliteit melk.

Speen maternale teelwaardes is belangrik in enige teeldoelwit, maar moet nie oorbeklemtoon word nie. Op die einde van die dag, word hier vir vleis beeste geteel. Indien die maternale teelwaardes oorbeklemtoon word ten koste van die direkte speengroei potensiaal (maw. vleis produksie), sal daar koeie geneties geteel word wat meer en meer neig na melkkoeie wat minder vleis produseer. In die afwesigheid van goeie maternale teelwaardes aan die anderkant weer, sal ’n kalf nie sy regmatig geleentheid kry om tot sy volle genetiese groei potensiaal te kan groei tot met speen ouderdom nie.

Met ander woorde, ’n vleisbees behoort net genoeg melk te produseer om haar kalf toe te laat om optimaal te laat groei volgens hulle speen direkte genetiese vermoë, terwyl hulle nog klein is en nog nie effektief gras of graan te kan benut nie. Indien die koei te veel melk produseer, is dit ’n vermorsing van energie wat haar vrugbaarheid kan benadeel. Die speen maternale teelwaarde is dus in meeste gevalle ’n intermediêre teelwaarde, wat beteken dat ’n gemiddelde of effens bo-gemiddelde teelwaarde die gewenste teelwaarde is om voor te selekteer. Daar moet nie sommer vir onder-gemiddelde maternale teelwaardes of uiterste hoë maternale teelwaardes geselekteer word nie. Die melk teelwaarde moet verkieslik nie hoer wees as die direkte speen teelwaarde nie.

Soos reeds genoem, kan die speen maternale of dan melk teelwaarde slegs gemeet word nadat 'n koei haar eerste kalf/kalwers gespeen het, of nadat 'n bul se dogters hulle kalwers gespeen het. Speen maternale teelwaardes op 'n jong bul word dus bepaal uit stamboom inligting, en nie metings nie, en kan dus nog verander. Daar is 'n groot risiko om 'n jong bul uitsluitlik op grond van sy speen maternale teelwaardes te selekteer of te koop. Indien melk oor die algemeen in die kudde verbeter moet word, behoort slegs ouer bulle gebruik te word wat reeds dogters het waarvan kalwers gespeen is en hulle hul self dus reeds bewys het. Dit is ook 'n lang proses en 'n kenmerk wat nie vinnig verbeter kan word nie. As gevolg hiervan is dit belangrik vir 'n kudde met goeie maternale speen teelwaardes om hulle diere se genetiese potensiaal vir melk produksie behoue te laat bly in hulle teelbeleid.

Alhoewel die maternale vermoë slegs op vroulike diere gemeet kan word, word die eienskap deur 'n bul aan sy dogters oorgedra. Die maternale teelwaarde van 'n bul weerspieël die genetiese vermoë van die bul om dogters te teel met 'n bepaalde moederlike vermoë. Hierdie teelwaardes moet dus altyd in ag geneem word met seleksie en aankoop van bulle vir die kudde.



KEURDERSDAG

Die keurdersdag en vergadering was gehou op 16 Oktober 2024. Die dag word as volg opgesom:

Besluite:

- Keurings-kodelys gaan verkort word om dit makliker te maak vir die keurder
- Standaard van voortreflikheid gaan oorgedoen word om dit te vernuwe en meer relevant te maak
- Minimum produksie standaarde gaan hersien word
- Genootskap gaan advies tegniese dienste beskikbaar stel aan kommersieele telers
- Stoet-telers word aangemoedig om so veel moontlik gewigte aan te teken. Speen en 18 maande gewig bly verpligtend. Koei-gewigte tydens geboorte en speen word aanbeveel.

Algemene tekortkominge wat waargeneem word in die ras:

- Kort en fyn bekke
- Fyn beenstruktuur
- Swak kloue and gebrek aan hoof-diepte
- Diere wat te min breedte en diepte toon
- Kort diere (n swak lengte:hoogte verhouding)
- Gebrek aan bespiering
- Swaar skedes
- Klein skrotums

Belangrike eienskappe om te verbeter:

- Teel en selekteer vir sterker beenstruktuur
- Selekteer vir meer breedte
- Selekteer vir meer bespiering
- Teel en selekteer vir meer groei en melk
- Wees strenger op keuring van bulle



VEILINGS

Nasionale Veiling

Op die 16de Augustus 2024 was die Nasionale veiling te Bloemfontein skopugronde gehou. Vleissentraal was die afslaer met SwiftVee wat die aanlyn diens verskaf het. Die dag was n groot sukses, dankie aan die Vleissentraal span vir al julle harde werk en professionele hantering van die veiling!

Baie dankie aan elke koper, verkoper en belangstellendes wat bygedrae het om die dag n sukses te maak. n Opsomming van die verkope is soos volg:

ITEM	GEMIDDELD	HOOGSTE
Bulle	R 61 900	R 130 000
Dragtige Verse (Stoet)	R 15 000	R 15 000
Verse (Stoet)	R 12 500	R 15 000

Baie geluk aan Japie Fleming van Kuruman met die aankoop van die duurste bul, JEV21 108 van Jannie Visagie vir R130 000! Ons glo hierdie Afrikaners gaan 'n verskil maak en elke kudde waarheen hulle gaan!





CLOCOLAN

Op 5 September 2024 was Afrikanerbeeste aangebied in samerwerking met die jaarlikse vleis-merino veiling by die Clocolan Boereplek.

Afrikanerbeeste was in die verlede altyd hier aangebied om die mark in die Oos -Vrystaat te bedien. Die vraag het onlangs weer groter geraak vir Afrikanerbeeste in hierdie deel van die land en n paar telers het besluit om diere weer aan die mark beskikbaar te stel. Die veiling en verkope het verwagtinge oortref.

n Opsomming van die verkope is soos volg:

ITEM	GETAL VERKOOP	GEMIDDELD
Bulle	3 / 6	R 35 000
Verse	76 / 76	R 9 600

Baie geluk aan Derick Coetzee met 'n klompie oop verse wat hy vir die hoogste prys van R14 500 gekoop het.



HOOPSTAD

Die 85ste Hoopstad Veiling was op 9 Oktober 2024 gehou by die Hoopstad Landbougronde. Die veiling was behartig deur Vleissentraal. Die 85ste Hoopstad veiling was n feestelike geleentheid. Die feesvieringe was die vorige aand reeds afgeskop met n heerlike spitbraai en saamkui-er, met die veiling wat die volgende dag gevolg het.

n Opsomming van die verkope is soos volg:

ITEM	GEMIDDELD	HOOGSTE
Bulle	R 44 375	R 70 000
Dragtige koeie	R 16 400	R 20 000
Dragtige verse (kommersieël)	R 10 720	R 11 200
Oop verse (kommersieël)	R 8 093	R 11 500

Geluk aan LNR Irene met die aankoop van die duurste bul WH 20 865.

Spesiale dank aan Myburgh Goosen, Greta de Wet en Marlet Ras vir al julle reelings en gasvryheid wat die dag so spesiaal gemaak het.





IN HERHINNERING



Martin Ras is op 31 Maart 1939 in die Hoopstad distrik gebore. Sy oupagrootjie, Marthinus Ras, sy pa, Willem en ooms, At en Rassie Ras was kranige beesboere. Op Leeuwkraal het hy van kleinsaf met beeste en perde grootgeword en is sy liefde vir en kennis van Afrikanerbeeste geslyp. In 1935 word die Afric Afrikanerbeesstoet geregistreer en in 1939 vind die eerste Hoopstad Afrikanerbeesveiling plaas, die oudste stoetvee veiling in die land. Martin het glo die eerste veiling in sy stootwaentjie bygewoon en was bevoorreg om vanjaar nog sy 85 ste agtereenvolgende veiling in Oktober te kon bywoon waar sy bulle en verse met trots vertoon en verkoop is.

Hoopstad en distrik word sinoniem met Afrikanerbeeste en Afric Afrikanerstoet gaan van krag tot krag. Een van die hoogtepunte is die jaar toe Afric Olifant die Goue Beker vir die beste vleisras bul uit alle rasse op die Witwatersrandse Skou in 1969 wen en ook die wen van die beste interras vleisbul groep vir 5 jaar. In sy loopbaan as Afrikanerbeesteler het hy verskeie leierskapsposisies beklee. Hy het van 1988 tot 1990 as vise-president van die ABTG gedien en daarna twee afsonderlike termyne as president, van 1990 – 1994 en van 1998 – 2000.

Martin Ras was 'n Afrikanerbeesboer in murg en been, hy het nooit sy geloof in die ras verloor nie en geglo dat genetiese verbetering van 'n ras 'n ware stoetboer onderskei. Hy het sy beeste geken, was vir hulle lief en was 'n ware "stockman," iets wat geen boekkennis voor kan opmaak nie. Een van sy geliefkoosde uitdrukkings as daar na beeste gekyk en gepraat word was "Moet nie vlooië vang nie", menende dat die groter prentjie belangriker is as om op die klein detail vas te haak. Of sy beeste goed of minder goed op veilings of skoue presteer het, het hon nie van koers gebring nie en hy het sy pad reguit en met waardigheid geloop soos hy dit gesien het. Op 6 November 2024 het 'n legende in die Afrikanerbeesbedryf en beesbedryf in die geheel gegroet en is hy soos wat hy graag wou, op die plaas langs sy geliefde beeste ter ruste gele.

IN HERINNERING




Ek staan hier by die stalle, kyk na die bulle, kondisie is mooi. Hulle moet nou koeie toe.... Ek wag dat die Ford stadig aankom om die draai met die honde wat saam draf.... "Morning Sir" gaan ek nooit weer hoor nie. "Hoe lyk dinge hier buite?" het stil geword.



Ek verlang na my "Tweede Pa" , my leermeester, my mentor, my kosbare vriend. Die afgelope 22 jaar saam met Oom Martin was 'n voorreg. Ek is dankbaar vir soveel lewenslesse, ek het soveel oor bees boer en oor menswees by hom geleer! Ons het lang paaie saam gery, elke dag saam geboer, baie saam gejag en soveel dinge gedeel.

"Hoe lyk hierdie kalwers vir Oom?" vra ek, dan kom die antwoord met 'n smile, "Lyk my jy wil show!"



Al Oom se lesse, verhale en staaltjies gaan ek mis. Dankie vir alles wat ek by Oom kon leer en vir al die geleenthede wat Oom my gegee het! Niemand kan dit by my wegneem nie. Martin Ras was vir baie mense 'n Mentor, 'n Voorbeeld en 'n Vriend. Hy het sy passie uitgeleef en met ons almal gedeel.

Tot ons weer sien

Myburgh Goosen



AFRIKANER



CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SOUTH AFRICA
BEESTELERSGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

